

Sondag 20 Oktober

Skrifgedeelte: Romeine 6:15-23

Fokusgedeelte: Romeine 6:17, 18

Is jy die soort slaaf wat nooit sal wil wegloop nie?

Persoonlike vryheid is deesdae baie belangrik Om slaaf te wil wees, klink vreemd. Tog is Paulus dankbaar oor 'n bepaalde soort slawerny (vs 18). In Paulus se dae het baie slawe swaar geleef. Jy sou nie sommer vrywillig een wou wees nie. Slawerny het dikwels lyding tot die dood toe beteken. Daar is 'n ander slawedrywer wat mense ook tot in die wreedste dood in verniel (vs 17). Dis die duiwel wat jou tot sonde verlei.

Paulus is bly oor 'n ander soort slawerny. Hy dank die Here as mense die besitting geword het van 'n heeltemal nuwe eienaar. Die eienaar is Christus. Saam met Hom het ons uit die sondedood opgestaan – die dood waarheen die duiwel, slawedrywer, ons sleep. 'n Christen behoort ook aan iemand wat jou hele lewe beheer. Die verskil is net, jy wil graag aan Hom behoort. Jesus sê immers: “My juk is sag en my las is lig” (Matt. 11:30). Hy spreek jou vry van die wrede slawerny van die sonde wat jou uiteindelik willoos al dieper die sonde indryf. Satan por sy slawe aan om hulle al meer teen God te verhard.

Hoe meer jy egter 'n toegewyde dienskneg van Christus word, hoe meer tree daar 'n merkwaardige verandering in jou verhouding met Hom in. Omdat jy Hom innig liefhet, wil jy net sy slaaf wees en Hom met jou hele hart volg. Jy weet ook Hy het jou lief. Christus het jou immers met sy bloed gekoop.

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2

Ds. KA (Anton) Janse van Rensburg (Emeritus)